



RAAD OP REKENINGKUNDIGE STANDAARDE

STANDAARD VAN ALGEMEEN ERKENDE

REKENINGKUNDIGE PRAKTYK

VOORSIENINGS, VOORWAARDELIKE

AANSPREEKLIKHEDE EN VOORWAARDELIKE

BATES

(AERP 19)

Erkenning

Hierdie Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) berus hoofsaaklik op die International Public Sector Accounting Standard (IPSAS) oor *Provisions, Contingent Liabilities and Contingent Assets* wat deur die International Federation of Accountants se International Public Sector Accounting Standards Board (IPSASB) uitgegee is. Die International Federation of Accountants (IFAC) is in 1977 gestig met die missie om die professie deur geharmonieerde standaarde te ontwikkel en te verbeter. IPSASB het 'n omvattende korpus van IPSAS'e uitgegee, wat gebruik sal word om toekomstige Standaarde van AERP te produseer. Uittreksels uit die IPSAS oor *Provisions, Contingent Liabilities and Contingent Assets* word met die toestemming van die IPSASB in hierdie Standaard van AERP gereproduseer.

Die goedgekeurde teks van die IPSAS'e is dié wat deur die IFAC in die Engelse taal gepubliseer is. Die IPSAS'e is vervat in die IFAC se Handbook of International Public Sector Accounting Pronouncements en kan verkry word van:

International Federation of Accountants

545 Fifth Avenue, 14th Floor

New York, New York 10017 USA

Internet: <http://www.ifac.org>

Kopiereg vir IPSAS'e, konsepte vir kommentaar en ander publikasies van die IPSASB is in die IFAC gesetel en die bepalings en voorwaardes wat daaraan verbonde is, moet nagekom word.

Raad op Rekeningkundige Standaarde

Posbus 74129

Lynnwoodrif

0040

Kopiereg © 2010 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag sonder voorafgaande toestemming van die Raad op Rekeningkundige Standaarde in 'n stelsel vir inligtingsontsluiting bewaar of in enige vorm of op enige wyse, elektronies, meganies, deur fotokopiëring, by wyse van 'n opname of andersins gereproduseer of weergegee word nie.

Toestemming om beperkte uittreksels uit die publikasie te reproduseer sal gewoonlik nie weerhou word nie.

Inhoud

Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktijk

Voorsienings, Voorwaardelike Aanspreeklikhede en Voorwaardelike Bates

	Paragraawe
Inleiding	.01
Doelstelling	.02 - .16
Omvang	.07 - .11
Maatskaplike voordele	.12 - .16
Ander uitsluitings uit die omvang van die Standaard	.17 - .20
Woordomsrywings	.18
Voorsienings en ander aanspreeklikhede	.19 - .20
Die verband tussen voorsienings en voorwaardelike aanspreeklikhede	.21 - .42
Erkenning	.21 - .33
Voorsienings	.22 - .23
Bestaande verpligting	.24 - .29
Vorige gebeurtenis	.30 - .31
Waarskynlike uitvloeï van hulpbronne wat ekonomiese voordele of dienspotensiaal omvat	.32 - .33
Betroubare raming van die verpligting	.34 - .37
Voorwaardelike aanspreeklikhede	.38 - .42
Voorwaardelike bates	.43 - .59
Meting	.43 - .48
Beste raming	.49 - .51
Risiko's en onsekerhede	.52 - .54
Bestaande waarde	.55 - .57
Toekomstige gebeure	.58 - .59
Verwagte vervreemding van bates	.60 - .65
Terugbetalings	.66 - .67
Veranderinge in voorsienings	.68 - .69
Gebruik van voorsienings	.70 - .93
Toepassing van die erkennings- en metingsreëls	



AERP 19

Toekomstige bedryfstekorte	.70 - .72
Beswarende kontrakte	.73 - .77
Herstrukturering	.78 - .93
Verkoop of oordrag van 'n bedrywigheid	.87 - .89
Herstruktureringsvoorsienings	.90 - .93
Finansiële waarborge en leningsverbintenisse	.94 - .97
Openbaarmakings	.98 - .111
Oorgangsbepalings	.112 - .113
Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP	.112
Wysigings aan die Standaarde van AERP	.113
Datum van inwerkingtrede	.114 - .115
Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP	.114
Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas	.115
Herroeping van die Standaard van AERP oor <i>Voorsienings, Voorwaardelike Aanspreeklikhede en Voorwaardelike Bates</i> (2007)	.116
Bylae A - Tabelle: Voorsienings, voorwaardelike aanspreeklikhede, voorwaardelike bates en terugbetalings	
Bylae B - Besluitnemingsdiagram	
Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor <i>Provisions, Contingent Liabilities and Contingent Assets</i> (Oktober 2002)	

VOORSIENINGS, VOORWAARDELIKE AANSPREEKLIKHEDE EN VOORWAARDELIKE BATES

Hierdie Standaard is oorspronklik in Julie 2007 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) uitgegee. Sedertdien is dit deur die volgende gewysig:

- Verbeterings aan die Standaarde van AERP wat in Februarie 2010 deur die Raad uitgegee is.
- Gevolglike wysigings toe die volgende Standaarde van AERP in werking getree het:
 - AERP 21 *Waardedaling van Niekontantgenererende Bates*
 - AERP 26 *Waardedaling van Kontantgenererende Bates*
 - AERP 104 *Finansiële Instrumente*
- Met gevolglike wysigings ná die hersiening van AERP 100 *Gestaakte Bedrywighede* in 2013.
- Verbeterings aan die Standaarde van AERP wat in November 2013 deur die Raad uitgegee is.
- Gevolglike wysigings toe die volgende Standaarde van AERP in werking getree het:
 - AERP 105 *Oordragte van Funksies tussen Entiteite onder Gemeenskaplike Beheer*
 - AERP 106 *Oordragte van Funksies tussen Entiteite nie onder Gemeenskaplike Beheer nie*
 - AERP 107 *Samesmeltings*

'n Bygewerkte eksemplaar van die wysigings wat as deel van die Verbeteringsprojek (2013) aan AERP 19 aangebring is en die jongste gevolglike wysigings is op die webwerf beskikbaar.

Inleiding

Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk

Daar word ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig (WOFB), van die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) vereis om algemeen erkende rekeningkundige praktyk genaamd Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) te bepaal.

Die Raad moet AERP bepaal vir:

- (a) departemente (met inbegrip van nasionale en provinsiale en regeringskomponente);
- (b) openbare entiteite;
- (c) handelsentiteite (soos in die WOFB omskryf);

- (d) grondwetlike instellings;
- (e) munisipaliteite en rade, kommissies, maatskappye, korporasies, fondse of ander entiteite onder die eienaarsbeheer van 'n munisipaliteit; en
- (f) die Parlement en die provinsiale wetgewers.

Bogenoemde word gesamentlik “entiteite” genoem.

Die Raad het die toepassing van Standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AERP) soos op 1 April 2012, soos dit deur die Raad op Rekeningkundige Praktyke gekodifiseer en deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geotrooieerde Rekenmeesters uitgegee is, goedgekeur om AERP te wees vir:

- (a) staatsakeondernemings (soos in die WOFB omskryf);
- (b) enige ander entiteit, uitgesonderd 'n munisipaliteit, waarvan die gewone aandele, potensiële gewone aandele of skuld openbaar op die kapitaalmarkte verhandelbaar is; en
- (c) entiteite onder die eienaarsbeheer van enigeen van hierdie entiteite.

Die Raad het die toepassing van International Financial Reporting Standards (IFRS'e) uitgegee deur die International Accounting Standards Board goedgekeur as AERP vir hierdie entiteite waar hulle IFRS'e toepas.

Finansiële state moet beskryf word as sou dit aan Standaarde van AERP voldoen slegs indien hulle aan al die vereistes van elke toepaslike Standaard van AERP en enige verbandhoudende Vertolkings van die Standaarde van AERP voldoen.

Enige beperking op die toepaslikheid van spesifieke Standaarde of Vertolkings word in daardie Standaarde of Vertolkings van die Standaarde van AERP duidelik gemaak.

Die Standaard van AERP word in paragraaf .01 tot .116 uiteengesit. Alle paragrawe in hierdie Standaard van AERP is ewe gesaghebbend. Die status en gesag van bylaes word in die aanhef tot elke bylae behandel. Hierdie Standaard moet gelees word in die konteks van die doelstellinge daarvan, die grondslag vir gevolgtrekkings, indien toepaslik, die *Voorwoord tot Standaarde van AERP*, die *Voorwoord tot die Vertolking van die Standaarde van AERP* en die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State*.

Standaarde van AERP en Vertolkings van die Standaarde van AERP moet ook in samehang gelees word met enige lasgewings wat deur die Raad uitgegee word waarin oorgangsbepalings voorgeskryf word, asook saam met enige regulasies wat deur die Minister van Finansies uitgereik is ten opsigte van die datums van inwerkingtrede van die Standaarde van AERP, soos in die Staatskoerant gepubliseer is.

Daar kan 'n verwysing wees na 'n Standaard van AERP wat nog nie uitgegee is op die tydstip wanneer hierdie Standaard uitgegee word nie. Dit word gedoen om te vermy om die Standaarde wat reeds uitgegee is, te verander wanneer 'n latere Standaard uitgegee word. Paragraaf .11 van die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute* voorsien in die afwesigheid van uitdruklike leiding 'n grondslag vir die keuse en toepassing van rekeningkundige beleide.

Doelstelling

- .01 Die doel met hierdie Standaard is om voorsienings, voorwaardelike aanspreeklikhede en voorwaardelike bates te omskryf en om die omstandighede waarin voorsienings erken moet word te identifiseer, asook hoe hulle gemeet behoort te word en wat omtrent hulle openbaar gemaak behoort te word. Die Standaard vereis ook dat bepaalde inligting in die aantekeninge by die finansiële state openbaar gemaak moet word oor voorwaardelike aanspreeklikhede en voorwaardelike bates ten einde gebruikers in staat te stel om die aard, tydsberekening en omvang daarvan te verstaan.

Omvang

- .02 ***'n Entiteit wat finansiële state ingevolge die toevallingsgrondslag van rekeningkunde opstel en aanbied, moet hierdie Standaard by die in rekening bring van voorsienings, voorwaardelike aanspreeklikhede en voorwaardelike bates toepas, met die uitsondering van:***

- (a) daardie voorsienings en voorwaardelike aanspreeklikhede wat voortspruit uit maatskaplike voordele wat deur 'n entiteit verskaf word waarvoor hy nie regstreeks in ruil 'n teenprestasie van die ontvangers van daardie voordele ontvang wat naastenby gelyk is aan die waarde van goedere en dienste wat gelewer is nie;***
- (b) dié wat voortspruit uit kontrakte wat nog uitgevoer moet word, behalwe waar die kontrak beswarend is onderhewig aan paragraaf .02(a); en***
- (c) dié wat deur 'n ander Standaard van AERP gedek word.***

- .03 Hierdie Standaard is van toepassing op:

- (a) voorsienings, voorwaardelike aanspreeklikhede en voorwaardelike bates van 'n versekeraar (wat, vir doeleindes van hierdie Standaard, hoofsaaklik betrokke is by versekeringsaktiwiteite), behalwe dié wat voortspruit uit sy kontraktuele verpligtinge en regte ingevolge versekeringskontrakte binne die raamwerk van die International Financial Reporting Standard oor *Insurance Contracts*; en
- (b) voorsienings vir herstrukturering (met inbegrip van gestaakte bedrywighede). In sommige gevalle kan 'n herstrukturering voldoen aan die omskrywing van 'n gestaakte bedrywigheid. Riglyne oor die openbaarmaking van gestaakte bedrywighede word in die Standaard van AERP oor *Gestaakte Bedrywighede* aangetref.

- .04 'n Entiteit, buiten 'n versekeraar, wat finansiële waarborgkontrakte uitreik, erken, meet en/of maak sodanige waarborge aanvanklik ooreenkomstig hierdie Standaard openbaar. 'n Entiteit pas ook die ontkenning- en openbaarmakingsvereistes van die Standaard van AERP oor *Finansiële*

Instrumente op finansiëlewaarborgkontrakte toe.

- .05 'n Entiteit, buiten 'n versekeraar, wat ander waarborge, soos prestasiewaarborge, uitreik, pas ook die erkennings-, metings- en openbaarmakingsvereistes van hierdie Standaard op sodanige waarborge toe.
- .06 Hierdie Standaard is van toepassing op voorsienings, voorwaardelike aanspreeklikhede en voorwaardelike bates wat uit leningsverpligtinge voortspruit. 'n Entiteit erken, meet en/of maak leningsverpligtinge aanvanklik ooreenkomstig hierdie Standaard openbaar .

Maatskaplike voordele

- .07 Vir die doel van hierdie Standaard verwys “maatskaplike voordele” na goedere, dienste en ander voordele wat verskaf word in die navolging van die maatskaplikebeleidsdoelstelling van 'n regering. Hierdie voordele kan die volgende insluit:
 - (a) die lewering van gesondheids-, onderwys-, behuisings-, vervoer- en ander maatskaplike dienste aan die gemeenskap. In baie gevalle is daar geen vereiste vir die begunstigdes van hierdie dienste om 'n bedrag gelykstaande aan die waarde van hierdie dienste te betaal nie; en
 - (b) betaling van voordele aan gesinne, bejaardes, gestremdes, werkloses, veterane en andere. Dit beteken dus dat die regering op alle vlakke finansiële bystand aan individue en groepe in die gemeenskap kan verleen om toegang tot dienste te verkry en so in hul besondere behoeftes te voorsien, of om hul inkomste aan te vul.
- .08 In baie gevalle ontstaan verpligtinge om maatskaplike voordele te voorsien weens die regering se verbintenis om bepaalde aktiwiteite op 'n deurlopende grondslag oor die lang termyn te onderneem ten einde bepaalde goedere en dienste aan die gemeenskap te verskaf. Die behoefte aan en die aard en voorsiening van goedere en dienste om te voldoen aan maatskaplikebeleidverpligtinge sal dikwels van 'n reeks demografiese en maatskaplike omstandighede afhang en is moeilik om te voorspel. Hierdie voordele val in die reël ooreenkomstig die Internasionale Monetêre Fonds se Raamwerk vir Regeringsfinansiesstatistiek binne die klassifikasies “maatskaplike beskerming”, “onderwys” of “gesondheid” en vereis dikwels 'n aktuariële evaluering om vas te stel wat die omvang sal wees van enige aanspreeklikheid wat met betrekking daartoe ontstaan.
- .09 Om 'n voorsiening of gebeurlikheid wat uit 'n maatskaplike voordeel voortspruit uit die omvang van hierdie Standaard te kan uitsluit, sal die entiteit wat die voordeel verskaf nie regstreeks van die ontvangers van die voordeel 'n teenprestasie ontvang wat nagenoeg gelykstaande is aan die waarde van goedere en dienste wat gelewer is nie. Hierdie uitsluiting sou daardie omstandighede behels waar 'n koste ten opsigte van die voordeel gehef word, maar daar geen regstreekse verband tussen die koste en die voordeel wat ontvang word, bestaan nie. Die uitsluiting van hierdie voorsienings en

voorwaardelike aanspreeklikhede uit die omvang van hierdie Standaard weerspieël die Raad se benadering dat sowel die vasstelling van die essensie van die “verpligtende gebeurtenis” as die meting van die aanspreeklikheid verdere oorweging vereis voordat voorgestelde Standaarde bekendgestel word. Die Raad is byvoorbeeld daarvan bewus dat daar uiteenlopende sienswyses bestaan oor die vraag of die verpligtende gebeurtenis voorkom wanneer die individu aan die nodige vereistes vir die voordeel voldoen, of in een of ander vroeëre stadium. Insgelyks is daar verskillende sieninge oor die vraag of die omvang van enige verpligting ’n raming kan wees van die lopende tydperk se geregtigheid of die bestaande waarde van alle verwagte toekomstige voordele wat op ’n aktuariële grondslag vasgestel is.

- .10 Waar ’n entiteit kies om voorsienings vir sulke verpligtinge te erken, maak die entiteit die grondslag openbaar waarop die voorsienings erken is, en die metingsgrondslag wat aanvaar is. Met betrekking tot daardie voorsienings maak die entiteit ook ander feite bekend soos deur hierdie Standaard voorgeskryf. Die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute* verskaf riglyne oor die hantering van aangeleenthede wat nie spesifiek deur enige ander Standaard van AERP behandel word nie. Die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute* bevat ook vereistes ten opsigte van die keuring en openbaarmaking van rekeningkundige beleide.

- .11 In sommige gevalle kan maatskaplike voordele aanleiding tot ’n aanspreeklikheid gee waarvoor:

- (a) daar weinig of geen onsekerheid oor die bedrag bestaan nie; en
- (b) die tydsberekening van die verpligting nie onseker is nie.

Gevolgtrek is dit onwaarskynlik dat dit sal voldoen aan die omskrywing van ’n voorsiening in hierdie Standaard. Waar sulke aanspreeklikhede vir maatskaplike voordele bestaan, word hulle erken waar hulle voldoen aan die maatstawwe vir erkenning as aanspreeklikhede (kyk ook paragraaf .18). ’n Voorbeeld hiervan sou wees ’n bedrag betaalbaar vir ’n bedrag wat aan die bestaande begunstigdes verskuldig is ten opsigte van ouderdoms- of ongeskiktheidspensioene wat in ooreenstemming met die bepalings van ’n kontrak of wetgewing vir betaling goedgekeur is.

Ander uitsluitings uit die omvang van die Standaard

- .12 Hierdie Standaard is nie van toepassing op kontrakte wat nog uitgevoer moet word nie, tensy hulle beswarend is. Kontrakte waarvolgens maatskaplike voordele voorsien moet word en aangegaan word met die verwagting dat die entiteit nie regstreeks in ruil van die ontvangers van daardie voordele ’n teenprestasie sal ontvang wat nagenoeg gelykstaande is aan die waarde van goedere en dienste wat gelewer is nie, word uitgesluit uit die omvang van hierdie Standaard.

- .13 Waar ’n ander Standaard van AERP oor ’n spesifieke soort voorsiening,

voorwaardelike aanspreeklikheid of voorwaardelike bate handel, pas 'n entiteit daardie Standaard toe in plaas van hierdie Standaard. Bepaalde soorte voorsienings word behandel in Standaarde van AERP oor:

- (a) konstruksiekontrakte (kyk die Standaard van AERP oor *Konstruksiekontrakte*);
- (b) inkomstebelasting (kyk die International Accounting Standard oor *Income Taxes*);
- (c) hure (kyk die Standaard van AERP oor *Hure*); as die Standaard van AERP oor *Hure* egter geen spesifieke vereistes bevat om met bedryfshure wat beswarend geraak het, te handel nie, is hierdie Standaard op sodanige gevalle van toepassing;
- (d) werknemervoordele (kyk die Standaard van AERP oor *Werknemervoordele*); en
- (e) versekeringskontrakte (kyk die International Financial Reporting Standard oor *Insurance Contracts*).

- .14 Sommige bedrae wat as voorsienings hanteer word, kan op die erkenning van inkomste betrekking hê, byvoorbeeld waar 'n entiteit in ruil vir vergoeding waarborge verskaf. Hierdie Standaard gee nie aandag aan die erkenning van inkomste nie. Die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Uitruiltransaksies* identifiseer die omstandighede waarin inkomste uit uitruiltransaksies erken word en bied praktiese riglyne oor die toepassing van die erkenningsmaatstawwe. Hierdie Standaard verander nie die vereistes van die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Uitruiltransaksies* nie.
- .15 Hierdie Standaard omskryf voorsienings as aanspreeklikhede van onseker tydsberekenings of bedrae. Die term "voorsiening" kan ook gebruik word in die konteks van items soos waardevermindering, waardedaling van bates en twyfelagtige skulde, wat aansuiwerings is van die drabedrae van bates en nie in hierdie Standaard behandel word nie.
- .16 Ander Standaarde van AERP spesifiseer of uitgawes as bates of as uitgawes behandel moet word. Hierdie aangeleenthede word nie in hierdie Standaard behandel nie. In hierdie Standaard word kapitalisasie van die koste gevolglik nóg verbied nóg voorgeskryf wanneer 'n voorsiening gemaak word.

Woordomskrywings

- .17 ***Die volgende terme word in hierdie Standaard gebruik, met die gespesifiseerde betekenis:***

'n Afgeleide verpligting is 'n verpligting wat ontstaan uit 'n entiteit se handeling indien:

- (a) ***deur 'n vasgestelde patroon van vorige praktyk, gepubliseerde beleide of 'n toereikend spesifieke huidige verklaring, die entiteit aan ander partye te kenne gegee het dat hy sekere verantwoordelikhede sal***

aanvaar; en

- (b) die entiteit gevolglik 'n geldige verwagting aan die kant van sodanige ander partye geskep het dat hy daardie verantwoordelikhede sal nakom.*

'n Voorwaardelike bate is 'n moontlike bate wat uit gebeure in die verlede ontstaan en waarvan die bestaan slegs bevestig sal word deur die voorkoms of nievoorkoms van een of meer onsekere toekomstige gebeure wat nie heeltemal binne die beheer van die entiteit is nie.

'n Voorwaardelike aanspreeklikheid is:

- (a) 'n moontlike verpligting wat uit gebeure in die verlede ontstaan en waarvan die bestaan slegs bevestig sal word deur die voorkoms of nievoorkoms van een of meer onsekere toekomstige gebeure wat nie heeltemal binne die beheer van die entiteit is nie; of*
- (b) 'n huidige verpligting wat uit gebeure in die verlede ontstaan maar nie erken word nie omdat:*
- (i) dit nie waarskynlik is dat 'n uitvloei van hulpbronne wat ekonomiese voordele of dienspotensiaal omvat, vereis sal word om die verpligting af te los nie; of*
- (ii) die bedrag van die verpligting nie met toereikende betroubaarheid gemeet kan word nie.*

Kontrakte in uitvoering is kontrakte ingevolge waarvan geeneen van die partye enigeen van hul verpligtinge nagekom het nie, of albei partye hul verpligtinge in 'n gelyke mate gedeeltelik nagekom het.

'n Finansiële waarborg-kontrak is 'n kontrak wat van die uitreiker vereis om gespesifiseerde betalings te maak om die houer te vergoed vir 'n verlies wat hy aangaan as gevolg van 'n gespesifiseerde debiteur wat versuim om betalings te maak wanneer dit verskuldig is ooreenkomstig die oorspronklike of gemodifiseerde bepalinge van 'n skuldinstrument.

'n Wetlike verpligting is 'n verpligting wat ontstaan uit:

- (a) 'n kontrak (deur die eksplisiete of implisiete bepalinge daarvan);*
- (b) wetgewing; of*
- (c) ander regswerking.*

Laste is huidige verpligtinge van die entiteit voortspruitend uit vorige gebeure, waarvan die aflossing na verwagting 'n uitvloei uit die entiteit tot gevolg sal hê van hulpbronne wat ekonomiese voordele of dienspotensiaal behels.

Leningsverbintenisse is 'n vaste verbintenis om krediet volgens vooraf gespesifiseerde bepalinge en voorwaardes te voorsien.

Bestuur bestaan uit daardie persone wat verantwoordelik is vir die beplanning van, rigtinggewing aan en beheer oor die aktiwiteite van die entiteit, met inbegrip van diegene wat verantwoordelik is vir die

korporatiewe bestuur van die entiteit ooreenkomstig wetgewing, in gevalle waar daar van hulle vereis word om sodanige funksies te vervul.

'n Verpligtende gebeurtenis is 'n gebeurtenis wat 'n regs- of konstruktiewe verpligting skep wat tot gevolg het dat 'n entiteit geen ander realistiese alternatief het as om daardie verpligting te vereffen nie.

'n Beswarende kontrak is 'n kontrak vir die uitruiling van bates of dienste waarin die onvermydelike koste van voldoening aan die verpligtinge ooreenkomstig die kontrak die ekonomiese voordele of dienspotensiaal oorskry wat na verwagting ingevolge daarvan ontvang sal word.

'n Voorsiening is 'n aanspreeklikheid waarvan die tydsberekening of bedrag onseker is.

'n Herstrukturering is 'n program wat deur die bestuur beplan en beheer word en wesenlike veranderinge aanbring aan hetsy:

- (a) die omvang van 'n entiteit se aktiwiteite; of***
- (b) die wyse waarop daardie aktiwiteite uitgevoer word.***

Terme wat in ander Standaarde van AERP omskryf word, word in hierdie Standaard met dieselfde betekenis as in daardie ander Standaarde gebruik.

Voorsienings en ander aanspreeklikhede

- .18 Voorsienings kan van ander aanspreeklikhede soos krediteure en oplopiings onderskei word omdat daar onsekerheid is oor die tydsberekening of bedrag van die toekomstige uitgawes wat ter verffening verlang word. Daarteenoor
- (a) is krediteure aanspreeklikhede om te betaal vir goedere of dienste wat ontvang of verskaf is en gefaktureer is of waaaroor formeel met die verskaffer ooreengekom is (en betalings insluit ten opsigte van maatskaplike voordele waar formele ooreenkomste vir gespesifiseerde bedrae bestaan); en
 - (b) is oplopiings aanspreeklikhede om te betaal vir goedere of dienste wat ontvang of verskaf is, maar nog nie betaal of gefaktureer is of waaroor formeel met die verskaffer ooreengekom is nie, met inbegrip van bedrae verskuldig aan werknemers (byvoorbeeld bedrae ten opsigte van opgehoopte vakansieverlof). Hoewel dit soms nodig is om die bedrag of tydsberekening van oplopiings te raam, is die onsekerheid in die reël veel kleiner as vir voorsienings.

Oplopiings word dikwels as deel van krediteure aangetoon, terwyl voorsienings afsonderlik aangetoon word.

Die verband tussen voorsienings en voorwaardelike aanspreeklikhede

- .19 In algemene sin is alle voorsienings voorwaardelik omdat hulle onseker is wat

tydsberekening of bedrag betref. Binne hierdie Standaard word die term “voorwaardelik” egter gebruik vir aanspreeklikhede en bates wat nie erken word nie omdat hul bestaan slegs bevestig sal word deur die plaasvind al dan nie van een of meer onsekere toekomstige gebeurtenisse wat nie geheel en al binne die beheer van die entiteit is nie. Daarbenewens word die term “voorwaardelike aanspreeklikheid” gebruik vir aanspreeklikhede wat nie aan die erkenningsmaatstawwe voldoen nie.

.20 Hierdie Standaard onderskei tussen:

- (a) voorsienings — wat as aanspreeklikhede erken word (in die veronderstelling dat ’n betroubare raming gemaak kan word) omdat hulle bestaande verpligtinge is en dit waarskynlik is dat ’n uitvloei van hulpbronne wat ekonomiese voordele of dienspotensiaal inhou, nodig sal wees om die verpligtinge na te kom; en
- (b) voorwaardelike aanspreeklikhede — wat nie as aanspreeklikhede erken word nie omdat hulle óf:
 - (i) moontlike verpligtinge is, aangesien dit nog bevestig moet word of die entiteit ’n bestaande verpligting het wat sou kon lei tot ’n uitvloei van hulpbronne wat ekonomiese voordele of dienspotensiaal omvat; óf
 - (ii) bestaande verpligtinge wat nie voldoen aan die erkenningsmaatstawwe in hierdie Standaard nie (omdat dit óf nie waarskynlik is dat ’n uitvloei van hulpbronne wat ekonomiese voordele omvat of dienspotensiaal nodig sal wees om die verpligting na te kom nie, óf ’n genoegsaam betroubare raming van die bedrag van die verpligting nie gemaak kan word nie).

Erkenning

Voorsienings

.21 *’n Voorsiening moet erken word wanneer:*

- (a) *’n entiteit ’n bestaande verpligting het (wetlik of konstruktief) as gevolg van ’n gebeurtenis in die verlede;*
- (b) *dit waarskynlik is dat ’n uitvloei van hulpbronne wat ekonomiese voordele of dienspotensiaal omvat, vereis sal word om die verpligting af te los; en*
- (c) *’n betroubare raming gemaak kan word van die bedrag van die verpligting.*

As daar nie aan hierdie voorwaardes voldoen kan word nie, moet geen voorsiening erken word nie.

Bestaande verpligting

.22 *In seldsame gevalle is dit nie duidelik of daar ’n bestaande verpligting is nie. In sulke gevalle word ’n gebeurtenis in die verlede geag aanleiding te*

gee tot 'n bestaande verpligting indien dit, met inagneming van alle beskikbare bewyse, waarskynliker is dat 'n bestaande verpligting op die verslagdoeningsdatum bestaan.

- .23 In byna alle gevalle sal dit duidelik word of 'n gebeurtenis in die verlede tot 'n bestaande verpligting aanleiding gee. In ander gevalle, byvoorbeeld in 'n regsgeeding, kan dit bevraagteken word of bepaalde gebeure plaasgevind het en of daardie gebeure 'n bestaande verpligting tot gevolg het. In sodanige gevalle bepaal 'n entiteit of 'n bestaande verpligting op die verslagdoeningsdatum bestaan deur alle beskikbare bewyse in ag te neem, met inbegrip van byvoorbeeld die menings van kundiges. Die bewyse wat in ag geneem word, behels enige bykomende bewyse wat blyk uit gebeure ná die verslagdoeningsdatum. Op grond van sodanige getuienis:
- (a) waar dit waarskynliker is dat 'n bestaande verpligting op die verslagdoeningsdatum bestaan, erken die entiteit 'n voorsiening (indien daar aan die erkenningsmaatstawwe voldoen word); en
 - (b) waar dit waarskynlik is dat daar op die verslagdoeningsdatum geen bestaande verpligting bestaan nie, maak die entiteit 'n voorwaardelike aanspreeklikheid bekend, tensy die moontlikheid dat 'n uitvloeï van hulpbronne ekonomiese voordele of dienspotensiaal omvat, gering is (kyk paragraaf .101).

Vorige gebeurtenis

- .24 'n Gebeurtenis in die verlede wat tot 'n bestaande verpligting aanleiding gee, word 'n verpligtende gebeurtenis genoem. Om so 'n gebeurtenis as 'n verpligtende gebeurtenis te kan beskou, is dit nodig dat die entiteit geen ander realistiese alternatief moet hê as om die verpligting wat deur die gebeurtenis veroorsaak is, na te kom nie. Dit is slegs die geval:
- (a) waar die vereffening van die verpligting kragtens wet afgedwing kan word; of
 - (b) waar 'n geval van afgeleide verpligting voorkom en waar die gebeurtenis (wat 'n handeling van die entiteit kan wees) geldige verwagtinge by ander partye skep dat die entiteit die verpligting sal nakom.
- .25 Finansiële state handel met die finansiële stand van 'n entiteit aan die einde van sy verslagdoeningstydperk en nie sy moontlike stand in die toekoms nie. Derhalwe word geen voorsiening erken vir koste wat aangegaan moet word om 'n entiteit se deurlopende bedrywighede in die toekoms voort te sit nie. Die enigste aanspreeklikhede wat in 'n entiteit se staat van finansiële stand erken word, is dié wat op die verslagdoeningsdatum bestaan.
- .26 Dit is slegs verpligtinge wat voortspruit uit vorige gebeure wat onafhanklik van 'n entiteit se toekomstige handeling bestaan (dit wil sê die toekomstige bedryf van die aktiwiteite daarvan), wat as voorsienings erken word. Voorbeelde van sulke verpligtinge is boetes of opruimkoste vir onregmatige omgewingskade wat 'n entiteit deur wetgewing opgelê word. Albei hierdie verpligtinge sou lei tot 'n

uitvloei van hulpbronne wat ekonomiese voordele of dienspotensiaal ter vereffening omvat, ongeag die toekomstige optrede van daardie entiteit. Insgelyks sou 'n entiteit 'n voorsiening vir die uitbedryfstellingskoste van 'n verdedigingsinstallasie of 'n kernkragssentrale in staatsbesit erken in die mate waarin die entiteit verplig is om skade wat reeds aangerig is, reg te stel (die Standaard van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting* handel oor items, met inbegrip van aftakelings- en terreinherstelkoste, wat by die koste van 'n bate ingesluit is). Daarteenoor kan 'n entiteit vanweë wetlike vereistes, druk van kiesers of 'n begeerte om gemeenskapsleierskap te toon, poog, of die behoefte toon, om uitgawes aan te gaan ten einde in die toekoms op 'n bepaalde manier te werk te gaan. 'n Voorbeeld hiervan sou wees waar 'n entiteit besluit om uitlaatgasbeheertoestelle aan sommige van sy voertuie aan te bring of 'n staatslaboratorium besluit om uitsuigwaaiers te installeer om werknemers teen die dampe van sekere chemikalieë te beskerm. Omdat die entiteite die toekomstige uitgawes deur hul toekomstige optrede kan voorkom, byvoorbeeld deur hul werkwyses te verander, het hulle geen bestaande verpligting ten opsigte van daardie toekomstige uitgawes nie en word geen voorsiening erken nie.

- .27 'n Verpligting behels altyd 'n ander party aan wie die verpligting verskuldig is. Dit is egter nie nodig om die identiteit van die party aan wie die verpligting verskuldig is te ken nie — trouens, die verpligting kan teenoor die breë publiek wees. Omdat 'n verpligting altyd 'n verbintenis teenoor 'n ander party behels, volg dit daaruit dat 'n besluit deur 'n entiteit se bestuur of beherende entiteit nie aanleiding gee tot 'n afgeleide verpligting op die verslagdoeningsdatum nie, tensy die besluit voor die verslagdoeningsdatum op 'n toereikende wyse aan diegene wat daardeur geraak word, gekommunikeer is om 'n geldige verwagting by hulle te skep dat die entiteit sy verantwoordelikhede sal nakom.

- .28 'n Gebeurtenis wat nie onmiddellik tot 'n verpligting aanleiding gee nie, kan dit op 'n later datum doen, hetsy vanweë veranderinge in die wet of omdat 'n handeling (byvoorbeeld 'n toereikend spesifieke openbare verklaring) deur die entiteit aanleiding gee tot 'n afgeleide verpligting. Wanneer omgewingskade byvoorbeeld deur 'n entiteit veroorsaak word, kan daar moontlik geen verpligting wees om die gevolge reg te stel nie. Die veroorsaking van die skade word egter 'n verpligtende gebeurtenis wanneer 'n nuwe wet vereis dat die bestaande skade reggestel word of wanneer die beherende entiteit of die entiteit in die openbaar verantwoordelikheid vir regstelling aanvaar op 'n manier wat 'n afgeleide verpligting daarstel.

- .29 Waar besonderhede van 'n voorgestelde nuwe wet nog gefinaliseer moet word, ontstaan 'n verpligting slegs indien die wetgewing so te sê verseker uitgevaardig sal word soos dit opgestel is. Vir die doel van hierdie Standaard word sodanige verpligting as 'n regsverpligting beskou. Verskille in omstandighede rondom verordening maak dit dikwels onmoontlik om 'n enkele gebeurtenis te spesifiseer wat die verordening van 'n wet feitlik seker sal maak. In baie gevalle sal dit onmoontlik wees om redelik seker van die verordening van die wet te wees tot tyd en wyl dit verorden word.

Waarskynlike uitvloei van hulpbronne wat ekonomiese voordele of dienspotensiaal omvat

- .30 Om 'n aanspreeklikheid vir erkenning te laat kwalifiseer moet daar nie slegs 'n bestaande verpligting wees nie, maar ook die waarskynlikheid van 'n uitvloei van hulpbronne wat ekonomiese voordele of dienspotensiaal omvat om daardie verpligting te vereffen. Vir die doel van hierdie Standaard word 'n uitvloei van hulpbronne of ander gebeure as waarskynlik beskou indien dit hoogs waarskynlik is dat die gebeurtenis sal plaasvind, dit wil sê dat die waarskynlikheid dat die gebeurtenis sal plaasvind, groter is as die waarskynlikheid dat dit nie sal nie. Waar dit onwaarskynlik is dat daar 'n huidige verpligting bestaan, maak 'n entiteit 'n voorwaardelike aanspreeklikheid bekend, tensy die moontlikheid dat 'n uitvloei van hulpbronne ekonomiese voordele of dienspotensiaal omvat, gering is (kyk paragraaf .101).
- .31 Waar daar 'n aantal vergelykbare verpligtinge is (byvoorbeeld die staat se verpligting om individue te vergoed wat besmette bloed van 'n staatshospitaal ontvang het), word die waarskynlikheid dat 'n uitvloei ter vereffening nodig sal wees, deur die oorweging van die klas verpligtinge in die geheel bepaal. Hoewel die waarskynlikheid van uitvloei vir enige enkele item moontlik klein kan wees, kan dit tog waarskynlik wees dat 'n mate van uitvloei van hulpbronne nodig sal wees om die klas verpligtinge in die geheel af te los. Indien dit die geval is, word 'n voorsiening erken (as daar aan die ander erkenningsmaatstawwe voldoen word).

Betroubare raming van die verpligting

- .32 Die gebruik van ramings is 'n noodsaaklike deel van die opstel van finansiële state en ondermyn nie die betroubaarheid daarvan nie. Dit is veral waar in die geval van voorsienings, wat volgens hul aard meer onseker is as die meeste ander bates of laste. Behalwe in uiters seldsame gevalle sal 'n entiteit in staat wees om 'n reeks van moontlike uitkomstes vas te stel en derhalwe 'n raming te kan maak van die verpligting wat voldoende betroubaar is om by die erkenning van 'n voorsiening gebruik te kan word.
- .33 In die uiters seldsame gevalle waar daar geen betroubare raming moontlik is nie, bestaan daar 'n aanspreeklikheid wat nie erken kan word nie. So 'n aanspreeklikheid word bekendgemaak as 'n voorwaardelike aanspreeklikheid (kyk paragraaf .101).

Voorwaardelike aanspreeklikhede

- .34 ***'n Entiteit moet nie 'n voorwaardelike aanspreeklikheid erken nie.***
- .35 'n Voorwaardelike aanspreeklikheid word bekendgemaak soos in paragraaf .101 vereis word, tensy die moontlikheid van 'n uitvloei van hulpbronne wat ekonomiese voordele of dienspotensiaal omvat, gering is.

- .36 Waar 'n entiteit gesamentlik en afsonderlik vir 'n verpligting aanspreeklik is, word die gedeelte van die verpligting wat na verwagting deur ander partye nagekom moet word, as 'n voorwaardelike aanspreeklikheid behandel. In die geval van byvoorbeeld skuld van 'n gesamentlike onderneming word daardie deel van die verpligting wat deur ander deelnemers aan die gesamentlike onderneming nagekom moet word, as 'n voorwaardelike aanspreeklikheid behandel. Die entiteit erken 'n voorsiening vir die deel van die verpligting waarvoor 'n uitvloei van hulpbronne wat ekonomiese voordele of dienspotensiaal omvat, waarskynlik is, behalwe in die buitengewone omstandighede waar geen betroubare raming moontlik is nie.
- .37 Voorwaardelike aanspreeklikhede sou kon ontwikkel op 'n manier wat nie aanvanklik verwag sou kon word nie. Derhalwe word hulle deurlopend geëvalueer om vas te stel of 'n uitvloei van hulpbronne wat ekonomiese voordele of dienspotensiaal omvat, 'n waarskynlikheid is. Indien dit waarskynlik word dat 'n uitvloei van toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal nodig sal wees vir 'n item wat voorheen as 'n voorwaardelike aanspreeklikheid hanteer is, word 'n voorsiening erken in die finansiële state van die tydperk waarin die verandering na alle waarskynlikheid sal voorkom, behalwe in die uiters seldsame omstandighede waar geen betroubare raming moontlik is nie. 'n Munisipaliteit kon byvoorbeeld 'n omgewingswet verbreek het, maar dit bly onduidelik of enige skade aan die omgewing aangerig is. Waar dit in 'n later stadium duidelik word dat skade wel aangerig is en dat regstelling nodig sal wees, moet die entiteit 'n voorsiening erken omdat 'n uitvloei van ekonomiese voordele nou waarskynlik is.

Voorwaardelike bates

- .38 'n Entiteit moet nie 'n voorwaardelike bate erken nie.**
- .39 Voorwaardelike bates spruit gewoonlik voort uit onbeplande of ander onverwagte gebeure wat nie geheel en al binne die beheer van die entiteit is nie en aanleiding gee tot die moontlikheid van 'n invloed van ekonomiese voordele of dienspotensiaal na die entiteit. 'n Voorbeeld hiervan is 'n eis wat 'n entiteit deur regsprosesse instel en waarvan die uitkoms onseker is.
- .40 Voorwaardelike bates word nie in finansiële state erken nie, aangesien dit die erkenning van inkomste tot gevolg kan hê wat dalk nooit gerealiseer sal kan word nie. Wanneer die realisering van inkomste feitlik seker is, is die verbandhoudende bate nie 'n voorwaardelike bate nie en is die erkenning daarvan gepas.
- .41 'n Voorwaardelike bate word bekendgemaak soos in paragraaf .106 voorgeskryf indien 'n invloed van ekonomiese voordele of dienspotensiaal waarskynlik is.
- .42 Voorwaardelike bates word deurlopend geëvalueer om te verseker dat ontwikkelings paslik in die finansiële state weergegee word. Indien dit feitlik seker geword het dat 'n invloed van ekonomiese voordele of dienspotensiaal sal

ontstaan en dat die bate se waarde betroubaar gemeet kan word, word die bate en die verbandhoudende inkomste erken in die finansiële state van die tydperk waarin die verandering plaasvind. Indien 'n invloed van ekonomiese voordele of dienspotensiaal waarskynlik geword het, maak 'n entiteit die voorwaardelike bate openbaar (kyk paragraaf .106).

Meting

Beste raming

- .43 Die bedrag wat as 'n voorsiening erken word, moet die beste raming wees van die besteding wat nodig sal wees om die huidige verpligting op die verslagdoeningsdatum te vereffen.**
- .44** Die beste raming van die uitgawe wat nodig sal wees om die huidige verpligting te vereffen, is die bedrag wat 'n entiteit rasioneel sal betaal om die verpligting op die verslagdoeningsdatum te vereffen of om dit op daardie tydstip na 'n derde oor te dra. Dit sal dikwels onmoontlik of buitensporig duur wees om 'n verpligting op die verslagdoeningsdatum oor te dra. Die raming van die bedrag wat 'n entiteit rasioneel sou betaal om die verpligting te vereffen of oor te dra bied die beste raming van die uitgawe wat nodig sou wees om die huidige verpligting op die verslagdoeningsdatum te vereffen.
- .45** Die ramings van uitkoms en finansiële uitwerking word bepaal deur die oordeel van die bestuur van die entiteit, aangevul deur ervaring van vergelykbare transaksies en, in sommige gevalle, verslae van onafhanklike kundiges. Die bewyse wat in ag geneem word, behels enige bykomende bewyse wat blyk uit gebeure ná die verslagdoeningsdatum.
- .46** Onsekerhede rondom die bedrag wat as 'n voorsiening erken moet word, word op verskillende maniere hanteer na gelang van die omstandighede. Waar die voorsiening wat gemeet word 'n groot populasie items behels, word die verpligting geraam deur alle moontlike uitkomste met hul verbandhoudende waarskynlikhede te beswaar. Die naam vir hierdie statistiese metode van raming is "verwagte waarde". Die voorsiening sal derhalwe verskil na gelang van die waarskynlikheid dat 'n verlies van 'n gegewe bedrag byvoorbeeld 60% of 90% kan wees. Waar daar 'n ononderbroke reeks moontlike uitkomste bestaan, en elke punt in daardie reeks so waarskynlik soos enige ander is, word die middelpunt van die reeks gebruik.

Voorbeeld

'n Staats- mediese laboratorium verskaf diagnostiese ultraklanskandeerders aan sowel staats- as privaat mediese sentrums en hospitale op 'n grondslag van volledige kosteverhaling. Die toerusting word met 'n waarborg verskaf waarvolgens die mediese sentrums en hospitale teen die koste van herstelwerk van enige gebreke wat binne die eerste ses maande na aankoop duidelik word, gedek is. Indien geringe gebreke opgespoor word in al die toerusting wat

verskaf is, sou herstelkoste op R1 miljoen te staan kom. Indien groot gebreke in al die toerusting wat verskaf is, opgespoor word, sou herstelkoste op R4 miljoen te staan kom. Die laboratorium se vorige ervaring en toekomstige verwagtinge dui daarop dat vir die komende jaar 75% van die toerusting geen gebreke behoort te hê nie, dat 20% van die toerusting geringe gebreke kan hê en dat 5% van die toerusting groot gebreke kan toon. Ooreenkomstig paragraaf .31 oorweeg die laboratorium die waarskynlikheid van 'n uitvloeï vir die waarborgverpligtinge in die geheel.

Die verwagte waarde van die koste van herstelwerk is:

$$(75\% \text{ van nul}) + (20\% \text{ van R1 miljoen}) + (5\% \text{ van R4 miljoen}) = \text{R400 000}$$

- .47 Indien 'n enkele verpligting gemeet word, kan die enkele waarskynlikste uitkoms die beste raming van die aanspreeklikheid wees. Selfs in so 'n geval oorweeg die entiteit egter ander moontlike uitkomst. Waar ander moontlike uitkomst óf meestal hoër óf meestal laer is as die waarskynlikste uitkoms, sal die beste raming 'n hoër of laer bedrag wees. Indien die staat byvoorbeeld 'n ernstige fout moet regstel in 'n verdedigingsvaartuig wat hy vir 'n ander regering vervaardig het, kan die enkele waarskynlikste uitkoms wees dat die herstelwerk met die eerste poging sal slaag teen 'n koste van R100 000, maar voorsiening word gemaak vir 'n groter bedrag indien daar 'n beduidende kans bestaan dat verdere pogings nodig sal wees.
- .48 Die voorsiening word voor belasting of belastingekwivalente (indien toepaslik) gemeet. Riglyne oor die hantering van die belastinggevolge van 'n voorsiening en veranderinge daarin word in die International Accounting Standard oor *Income Taxes* aangetref.

Risiko's en onsekerhede

- .49 Die risiko's en onsekerhede wat onvermydelik met talle gebeure en omstandighede gepaard gaan, moet in berekening gebring word ter verkryging van die beste raming van 'n voorsiening.
- .50 Risiko beskryf veranderlikheid van uitkoms. 'n Risiko-aanpassing kan die bedrag waarteen 'n aanspreeklikheid gemeet word, laat styg. Omsigtigheid is nodig wanneer sulke besluite onder toestande van onsekerheid geneem word, sodat inkomste of bates nie ooraangetoon en uitgawes of verpligtinge nie onderaangetoon word nie. Onsekerheid regverdig egter nie die totstandbrenging van buitensporige voorsienings of 'n opsetlike ooraantoning van aanspreeklikhede nie. Indien die geprojekteerde koste van 'n besonder nadelige uitkoms byvoorbeeld op 'n omsigtige wyse geraam word, word daardie uitkoms nie dan opsetlik as waarskynliker beskou as wat realisties die geval sou wees nie. Omsigtigheid moet aan die dag gelê word om te verhoed dat aansuiwerings vir risiko en onsekerheid gedupliseer word, met gevolglike ooraantoning van 'n voorsiening.
- .51 Openbaarmaking van die onsekerhede rondom die uitgawebedrag verskyn

onder paragraaf .99(b).

Bestaande waarde

- .52** *Waar die uitwerking van die tydwaarde van geld wesenlik is, moet die bedrag van 'n voorsiening die bestaande waarde wees van die uitgawes wat na verwagting nodig sal wees om die verpligting na te kom.*
- .53** Vanweë die tydwaarde van geld is voorsienings rondom kontantuitvloei wat ná die verslagdoeningsdatum ontstaan, meer beswarend as dié waar kontantuitvloei van dieselfde bedrag later ontstaan. Voorsienings word derhalwe verdiskonteer waar die gevolge wesenlik is.
- .54** *Die diskontokoers (of -koerse) moet 'n voorbelastingkoers (of -koerse) wees wat onlangse markevaluerings van die tydwaarde van geld en die risiko's eie aan die aanspreeklikheid weerspieël. Die diskontokoers(e) moenie risiko's weerspieël waarvoor toekomstige kontantvloeiraminge aangesuiwer is nie.*

Toekomstige gebeure

- .55** *Toekomstige gebeure wat die bedrag mag beïnvloed wat nodig is om 'n verpligting na te kom, moet weergegee word in die bedrag van 'n voorsiening waar daar voldoende objektiewe bewyse bestaan dat hulle sal plaasvind.*
- .56** Verwagte toekomstige gebeure kan veral belangrik wees by die meet van voorsienings. Sekere verpligtinge kan byvoorbeeld indeksgekoppel wees om ontvangers te vergoed vir die gevolge van inflasie of ander spesifieke prysveranderinge. Indien daar voldoende bewyse is van waarskynlik verwagte inflasiekoerse, moet dit in die bedrag van die voorsiening weerspieël word. 'n Ander voorbeeld van toekomstige gebeure wat die bedrag van 'n voorsiening beïnvloed, is waar die regering van oordeel is dat die koste van die opruiming van die teer, as en ander besoedelende stowwe wat met 'n gasaanleg aan die einde van sy produktiewe tydperk gepaard gaan, deur toekomstige tegnologiese ontwikkelings verminder sal word. In hierdie geval weerspieël die bedrag wat erken word, die koste wat tegnies gekwalifiseerde, objektiewe waarnemers redelikerwys verwag aangegaan sal word, met inagneming van alle beskikbare bewyse ten opsigte van die tegnologie wat ten tye van die opruiming beskikbaar sal wees. Dit is dus toepaslik om byvoorbeeld verwagte kosteverminderinge wat met verruimde ervaring van die toepassing van bestaande tegnologie geassosieer word, of die verwagte koste van die toepassing van bestaande tegnologie op 'n groter of ingewikkelder opruimbedrywigheid as wat voorheen uitgevoer is, in te sluit. 'n Entiteit voorsien egter nie die ontwikkeling van 'n volledig nuwe tegnologie vir opruimingsdoeleindes nie tensy dit deur voldoende objektiewe bewyse gesteun word.
- .57** Die uitwerking van moontlike nuwe wetgewing wat die bedrag van 'n bestaande verpligting van 'n entiteit kan raak, word by die meet van daardie verpligting in aanmerking geneem wanneer daar voldoende objektiewe bewyse bestaan dat die wetgewing feitlik vir seker verorden sal word. Die verskeidenheid van omstandighede wat in die praktyk ontstaan, maak dit onmoontlik om 'n enkele gebeurtenis te spesifiseer wat in elke geval voldoende, objektiewe bewyse sal voorsien. Bewyse is nodig van wat wetgewing sal vereis en van die sterkte van die moontlikheid dat dit mettertyd verorden en geïmplementeer sal word. In baie gevalle sal voldoende objektiewe bewyse nie bestaan alvorens die nuwe wetgewing verorden is nie.

Verwagte vervreemding van bates

- .58** *Winste uit die verwagte vervreemding van bates moenie by die meet van 'n voorsiening in rekening gebring word nie.*
- .59** Winste op die verwagte vervreemding van bates word nie by die meet van 'n voorsiening in berekening gebring nie, selfs as die verwagte vervreemding ten nouste saamhang met die gebeurtenis wat die voorsiening tot gevolg het. In



AERP 19

plaas daarvan erken 'n entiteit winste op die verwagte vervreemding van bates op die tyd wat daarvoor aangedui word deur die Standaard van AERP waarin die betrokke bates behandel word.

Terugbetalings

- .60** *Indien sommige van of al die uitgawes wat nodig is om 'n voorsiening te vereffen na verwagting deur 'n ander party terugbetaal sal word, moet die terugbetaling erken word indien, en slegs indien, dit feitlik seker is dat terugbetaling ontvang sal word as die entiteit die verpligting sal nakom. Die terugbetaling moet as 'n afsonderlike bate behandel word. Die bedrag wat vir die terugbetaling erken word, moenie die bedrag van die voorsiening oorskry nie.*
- .61** *In die staat van finansiële prestasie kan die uitgawe ten opsigte van 'n voorsiening aangebied word na aftrekking van die bedrag wat vir 'n terugbetaling erken word.*
- .62** Soms is dit vir 'n entiteit moontlik om op 'n ander party te reken om deel van of al die uitgawes te betaal om 'n voorsiening te vereffen, byvoorbeeld deur versekeringskontrakte, skadeloosstellingsklousules of verskaffers se waarborge. Die ander party kan óf die bedrae wat deur die entiteit betaal is, terugbetaal, óf die bedrae regstreeks betaal. 'n Entiteit kan byvoorbeeld 'n regs aanspreeklikheid teenoor 'n individu hê as gevolg van misleidende advies wat deur sy werknemers verskaf is. Dit kan egter vir die entiteit moontlik wees om sommige van die uitgawes van professionele vrywaringsversekering te verhaal.
- .63** In die meeste gevalle sal die entiteit aanspreeklik bly vir die hele bedrag wat ter sprake is, sodat die entiteit die volle bedrag sal moet betaal as die derde om die een of ander rede versuim om te betaal. In so 'n situasie word 'n voorsiening vir die volle bedrag van die aanspreeklikheid erken, en 'n afsonderlike bate vir die verwagte terugbetaling word erken wanneer dit feitlik seker is dat terugbetaling ontvang sal word indien die entiteit die aanspreeklikheid vereffen.
- .64** In sommige gevalle sal die entiteit nie aanspreeklik wees vir die betrokke koste indien die derde party versuim om te betaal nie. In so 'n geval het die entiteit geen aanspreeklikheid vir daardie koste nie en is dit nie ingesluit in die voorsiening nie.
- .65** Soos in paragraaf .36 opgemerk, is 'n verpligting waarvoor 'n entiteit gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik is, 'n voorwaardelike aanspreeklikheid in die mate waarin daar verwag word dat die verpligting deur die ander partye vereffen sal word.

Veranderinge in voorsienings

- .66** *Voorsienings moet op elke verslagdoeningsdatum heroorweeg word en aangepas word om die huidige beste raming te weerspieël. As dit nie meer waarskynlik is dat 'n uitvloeï van hulpbronne wat ekonomiese voordele of dienspotensiaal omvat, vereis sal word om die verpligting af te los nie,*

moet die voorsiening omgeswaai word.

- .67 Indien verdiskontering gebruik word, styg die drabedrag van 'n voorsiening in elke tydperk om die verloop van tyd weer te gee. Hierdie styging word as 'n rente-uitgawe erken.

Gebruik van voorsienings

- .68 ***'n Voorsiening moet slegs gebruik word vir uitgawes waarvoor die voorsiening oorspronklik erken is.***
- .69 Slegs uitgawes wat op die oorspronklike voorsiening betrekking het, word daarteen in rekening gebring. Die in rekening bring van uitgawes teen 'n voorsiening wat oorspronklik vir 'n ander doel erken is, kan die impak van twee verskillende gebeure verskuil.

Toepassing van die erkennings- en metingsreëls

Toekomstige bedryfstekorte

- .70 ***Voorsienings moet nie vir tekorte uit toekomstige bedryfsaktiwiteite erken word nie.***
- .71 Tekorte uit toekomstige bedryfsaktiwiteite voldoen nie aan die omskrywing van aanspreeklikhede in paragraaf .17 en die algemene erkenningsmaatstawwe vir voorsienings soos in paragraaf .21 uiteengesit nie.
- .72 'n Verwachting van tekorte uit toekomstige bedryfsaktiwiteite kan 'n aanduiding wees dat bepaalde bates wat in hierdie aktiwiteite gebruik is, in waarde gedaal het. 'n Entiteit toets hierdie bates vir waardedaling. Riglyne oor rekeningkundige verantwoording vir waardedaling word in die Standaard van AERP oor *Waardedaling van Kontantgenererende Bates of Waardedaling van Niekontantgenererende Bates*, soos toepaslik, aangetref.

Beswarende kontrakte

- .73 ***Indien 'n entiteit 'n kontrak het wat beswarend is, moet die bestaande verpligting (na aftrekking van verhalings) ingevolge die kontrak as 'n voorsiening erken en gemeet word.***
- .74 Paragraaf .73 van hierdie Standaard is slegs van toepassing op kontrakte wat beswarend is. Kontrakte vir die verskaffing van maatskaplike voordele wat aangegaan word met die verwagting dat die entiteit nie regstreeks in ruil van die ontvangers van daardie voordele 'n teenprestasie sal ontvang wat nagenoeg gelykstaande is aan die waarde van goedere en dienste wat gelewer is nie, word uitgesluit uit die omvang van hierdie Standaard.
- .75 Baie kontrakte wat uitruiltransaksies behels (byvoorbeeld sommige roetine-

aankoopbestellings), kan gekanselleer word sonder die betaling van vergoeding aan die ander party, en derhalwe is daar geen verpligting nie. Ander kontrakte bring sowel regte as verpligtinge vir elkeen van die kontrakterende partye tot stand. Indien gebeure sodanige kontrak beswarend maak, val die kontrak binne die omvang van hierdie Standaard en bestaan daar 'n aanspreeklikheid wat erken word. Kontrakte wat nog uitgevoer moet word wat nie beswarend is nie, val buite die omvang van hierdie Standaard.

- .76 Hierdie Standaard omskryf 'n beswarende kontrak as 'n kontrak waarin die onvermydelike koste van voldoening aan die verpligtinge ooreenkomstig die kontrak die ekonomiese voordele of dienspotensiaal oorskry wat na verwagting ingevolge daarvan ontvang sal word, waarby verhaalbare bedrae ingesluit is. Derhalwe is dit die bestaande verpligting na aftrekking van verhalings wat kragtens paragraaf .73 as 'n voorsiening erken word. Die onvermydelike koste ingevolge 'n kontrak weerspieël die kleinste netto koste van beëindiging van die kontrak, wat die koste is van die voldoening daaraan of van enige vergoeding of boetes wat voortspruit uit versuim om daaraan te voldoen, wat ook al die laagste is.
- .77 Voordat 'n afsonderlike voorsiening vir 'n beswarende kontrak tot stand kom, erken 'n entiteit enige waardedalingsverlies wat voorgekom het by bates wat aan daardie kontrak toegewy is (kyk die Standaarde of AERP oor *Waardedaling van Kontantgenererende Bates of Waardedaling van Niekontantgenererende Bates*, soos toepaslik).

Herstrukturering

- .78 Die volgende is voorbeelde van gebeure wat onder die omskrywing van herstrukturering kan val:
- (a) beëindiging van of beskikking oor 'n bedrywigheid of diens;
 - (b) die sluiting van 'n takkantoor of die beëindiging van bedrywigheide van 'n staatsagentskap in 'n spesifieke omgewing of streek of die verskuiwing van bedrywigheide van een streek na 'n ander;
 - (c) veranderinge in bestuurstruktuur, byvoorbeeld die uitskakeling van 'n laag van bestuurs- of uitvoerende bestuursdiens; en
 - (d) grondliggende herorganisasie wat 'n wesenlike uitwerking op die aard en fokus van die entiteit se bedrywigheide het.
- .79 'n Voorsiening vir die herstrukturering van koste word slegs erken indien daar voldoen word aan die algemene erkenningsmaatstawwe vir voorsienings, soos in paragraaf .21 uiteengesit word. Paragraaf .80 tot .93 verduidelik hoe die algemene erkenningsmaatstawwe op herstrukturings betrekking het.
- .80 'n Afgeleide verpligting om te herstrukturer ontstaan slegs indien 'n entiteit:**
- (a) oor 'n gedetailleerde formele plan vir die herstrukturering beskik, deur**

ten minste die volgende te identifiseer:

- (i) die bedrywigheid/bedryfseenheid of deel van 'n bedrywigheid/bedryfseenheid wat betrokke is;***
 - (ii) die belangrikste plekke wat geraak word;***
 - (iii) die ligging, funksie en benaderde getal werknemers wat vergoed sal moet word as hul dienste beëindig word;***
 - (iv) die uitgawes wat aangegaan sal word; en***
 - (v) wanneer die plan in werking gestel sal word; en***
- (b) 'n geldige verwagting aan die kant van die betrokke ander partye geskep het dat hy die herstrukturering sal uitvoer deur daardie plan te begin implementeer of deur die belangrikste kenmerke daarvan bekend te maak aan diegene wat daardeur geraak word.***

- .81 Herstrukturering kan voorkom op nasionale, provinsiale, munisipale, portefeulje- of ministeriële, of entiteitsvlak.
- .82 Bewyse dat die staat of 'n entiteit 'n herstruktureringsplan begin implementeer het, sou byvoorbeeld gelewer kon word deur die aankondiging in die openbaar van die hoofkenmerke van die plan, die verkoop of oordrag van bates, kennisgewing van die voorneme om hure te kanselleer of die tref van alternatiewe reëlins vir kliënte van dienste. 'n Openbare aankondiging van 'n gedetailleerde plan om te herstruktureer behels 'n afgeleide verpligting om te herstruktureer slegs indien dit op so 'n wyse gemaak word en ook in voldoende besonderhede (dit wil sê die uiteensetting van die vernaamste kenmerke van die plan) dat dit aanleiding gee tot geldige verwagtinge by ander partye soos gebruikers van die diens, verskaffers en werknemers (of hul verteenwoordigers) dat die entiteit die herstrukturering sal uitvoer.
- .83 'n Plan moet so toereikend wees dat dit aanleiding gee tot 'n afgeleide verpligting wanneer dit bekendgemaak word aan diegene wat daardeur geraak word, en daarom moet die inwerkingstelling van die plan so gereël word dat daar so spoedig moontlik 'n begin gemaak kan word met die oog op afhandeling binne 'n tydraamwerk wat wesenlike veranderinge aan die plan onwaarskynlik sal maak. As 'n lang vertraging verwag word alvorens die herstrukturering begin, of as daar verwag word dat die herstrukturering onredelik lank sal duur, is dit onwaarskynlik dat die plan 'n geldige verwagting aan die kant van ander partye sal wek dat die staat of 'n entiteit in daardie stadium tot herstrukturering verbind is, omdat die tydraamwerk vir die entiteit geleenthede bied om sy planne te verander.
- .84 'n Besluit om te herstruktureer wat voor die verslagdoeningsdatum deur die bestuur geneem is, gee nie aanleiding tot 'n afgeleide verpligting op die verslagdoeningsdatum nie, tensy die entiteit voor die verslagdoeningsdatum:
 - (a) begin het om die herstruktureringsplan in werking te stel; of
 - (b) die belangrikste kenmerke van die herstruktureringsplan op 'n toereikende wyse aangekondig het onder dié wat daardeur geraak word, ten einde by

hulle 'n geldige verwagting te wek dat die entiteit die herstrukturering ten uitvoer sal bring.

As 'n entiteit eers ná die verslagdoeningsdatum begin om 'n herstruktureringsplan in werking te stel of die hoofkenmerke daarvan aan dié wat daardeur geraak word, bekend te maak, word openbaarmaking kragtens die Standaard van AERP oor *Gebeure ná die Verslagdoeningsdatum* vereis, mits die herstrukturering wesenlik is en nie-openbaarmaking die vermoë van die gebruikers van die finansiële state om behoorlike evaluering te maak en besluite te neem, kan beïnvloed.

- .85 Hoewel 'n afgeleide verpligting nie bloot deur 'n bestuursbesluit tot stand gebring word nie, kan 'n verpligting deur ander vroeëre gebeure tesame met so 'n besluit tot stand kom. Onderhandelinge met werknemerverteenwoordigers oor diensbeëindigingsbetalings, of met aankopers by die verkoop of oordrag van 'n bedrywigheid, kon byvoorbeeld gevoer gewees het onderhewig slegs aan bestuursgoedkeuring. Sodra daardie goedkeuring verkry is en aan die ander partye gekommunikeer is, het die entiteit 'n afgeleide verpligting om te herstruktureer, indien daar aan die voorwaardes van paragraaf .80 voldoen word.
- .86 Die finale gesag vir die neem van besluite oor 'n entiteit is gesetel in die bestuur, waarvan lidmaatskap verteenwoordigers kan insluit wat nie werknemers van die entiteit is nie. Kennisgewing aan hierdie verteenwoordigers kan moontlik nodig wees voordat 'n bestuursbesluit geneem word. Omdat 'n besluit deur die bestuur kommunikasie aan hierdie verteenwoordigers behels, kan dit 'n afgeleide verpligting om te herstruktureer tot gevolg hê.

Verkoop of oordrag van 'n bedrywigheid

- .87 ***Geen verpligting ontstaan as gevolg van die verkoop of oordrag van 'n bedrywigheid tot tyd en wyl die entiteit tot die verkoop of oordrag verbind is nie, dit wil sê as daar 'n bindende ooreenkoms tot stand kom.***
- .88 Selfs indien 'n entiteit 'n besluit geneem het om 'n bedrywigheid te verkoop en daardie besluit in die openbaar aangekondig het, kan hy nie verbind wees tot die verkoop alvorens 'n koper geïdentifiseer is en daar 'n bindende verkoopsooreenkoms is nie. Tot tyd en wyl daar 'n bindende verkoopsooreenkoms is, sal die entiteit van plan kan verander en sal trouens 'n ander plan van aksie moet saamstel as 'n koper nie op aanvaarbare voorwaardes gevind kan word nie. Indien 'n verkoop van 'n bedrywigheid as deel van 'n herstrukturering in die vooruitsig gestel word, word die bates van die bedrywigheid nagegaan vir waardedaling ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Waardedaling van Kontantgenererende Bates of Waardedaling van Niekontantgenererende Bates*, soos toepaslik. Indien 'n verkoop slegs deel is van 'n herstrukturering, kan 'n afgeleide verpligting vir die ander dele van die herstrukturering ontstaan voordat 'n bindende verkoopsooreenkoms bestaan.
- .89 Herstrukturering binne die regering behels dikwels die oordrag van bedrywigheide van een beheerde entiteit na 'n ander en kan die oordrag van

bedrywighede by wyse van 'n nie-uitruiltransaksie behels. Sodanige oordragte sal dikwels kragtens 'n regeringslasgewing, wetgewing of vergelykbare middele plaasvind. Dit word geag bindende reëlins uit te maak, soos in paragraaf .87 beskryf,. Selfs waar voorgestelde oordragte nie tot die erkenning van 'n voorsiening lei nie, kan dit nodig wees om die beplande transaksie openbaar te maak ooreenkomstig ander Standaarde van AERP, soos die Standaarde van AERP oor *Gebeure na die Verslagdoeningsdatum en Openbaarmakings deur Verwante Partye*.

Herstrukturingsvoorsienings

.90 'n Herstrukturingsvoorsiening moet slegs die regstreekse uitgawes insluit wat uit die herstrukturering voortspruit, naamlik dié wat sowel:

(a) noodsaaklikerwys deur die herstrukturering meegebring word; as dié wat

(b) nie met die deurlopende bedrywighede van die entiteit geassosieer word nie.

.91 'n Herstrukturingsvoorsiening sluit nie sulke koste in nie soos:

(a) die behoud of verplasing van werknemers wat in diens is;

(b) bemarking; of

(c) belegging in nuwe stelsels en verspreidingsnetwerke.

Hierdie uitgawes het betrekking op die toekomstige optrede van 'n bedrywigheid en is nie aanspreeklikhede vir herstrukturering op die verslagdoeningsdatum nie. Sodanige uitgawes word op dieselfde grondslag erken asof hulle onafhanklik van 'n herstrukturering ontstaan het.

.92 Identifiseerbare toekomstige bedryfstekorte tot op die datum van 'n herstrukturering is nie by 'n voorsiening ingesluit nie, tensy hulle betrekking het op 'n beswarende kontrak soos in paragraaf .17 omskryf word.

.93 Soos in paragraaf .58 voorgeskryf, word winste op die verwagte verkoop van bates nie in rekening gebring deur die meet van 'n herstrukturingsvoorsiening nie, selfs indien die verkoop van bates as deel van die herstrukturering in die vooruitsig gestel word.

Finansiële waarborge en leningsverbintenisse

.94 'n Entiteit erken 'n voorsiening vir finansiële waarborge en leningsverbintenisse wanneer dit waarskynlik is dat 'n uitvloeï van hulpbronne wat ekonomiese voordele en dienspotensiaal omvat, nodig sal wees om die verpligting af te los en 'n betroubare raming van die verpligting gemaak kan word.

.95 Vasstelling of 'n uitvloeï van hulpbronne ten opsigte van finansiële waarborge waarskynlik is, vereis oordeelkundigheid. Aanduidings dat 'n uitvloeï van

hulpbronne waarskynlik mag wees, is:

- finansiële probleme van die skuldenaar;
- wanbetalings of agterstalligheid in rente- en kapitaal terugbetalings deur die skuldenaar;
- verbrekings van die bepalinge van die skuldinstrument, wat tot gevolg het dat dit vroeër betaalbaar is as die ooreengekome termyn en die vermoë van die skuldenaar om sy verpligting ooreenkomstig die gewysigde bepalinge na te kom; en
- 'n agteruitgang in heersende ekonomiese omstandighede (bv. hoë rentekoerse, inflasie en werkloosheid) wat 'n uitwerking op die vermoë van entiteite het om hul verpligtinge na te kom.

.96 *Indien gelde deur 'n entiteit ontvang word vir die uitreiking van 'n finansiële waarborg, word dit oorweeg by die vasstelling van die beste raming van die bedrag wat verlang word vir vereffening van die verpligting op die verslagdoeningsdatum. Indien 'n tarief gehef word en 'n entiteit van mening is dat 'n uitvloeï van ekonomiese hulpbronne waarskynlik is, erken 'n entiteit die verpligting teen:*

- (a) die bedrag wat met gebruik van hierdie Standaard vasgestel is; of*
- (b) die bedrag van die tarief wat aanvanklik erken is minus, indien toepaslik, kumulatiewe amortisasie wat ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Inkomste uit Uitruiltransaksies erken is,*

wat ook al die laagste is

.97 *'n Entiteit kan die vereistes in paragraaf .96 ook toepas op leningsverbintenisse waar 'n tarief gehef word.*

Openbaarmaking

.98 *Vir elke klas voorsiening moet 'n entiteit die volgende openbaar maak:*

- (a) die drabedrag aan die begin en einde van die tydperk;*
- (b) bykomende voorsienings wat in die tydperk gemaak is, met inbegrip van toenames in bestaande voorsienings;*
- (c) verlagings in die drabedrae van voorsienings wat voortspruit uit betalings of ander uitvloei van ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat gedurende die verslagdoeningstydperk voorgekom het;*
- (d) verlagings in die drabedrae van voorsienings wat voortspruit uit hermeting van die geraamde toekomstige uitvloeï van ekonomiese voordele of dienspotensiaal, of uit die vereffening van die voorsienings sonder koste vir die entiteit;*

- (e) ongebruikte bedrae wat gedurende die tydperk omgeswaai is; en**
- (f) die styging gedurende die tydperk van die gediskonteerde bedrag wat voortspruit uit die verloop van tyd en die uitwerking van enige verandering in die diskontokoers.**

Vergelykende inligting word nie verlang nie.

- .99 'n Entiteit moet die volgende vir elke klas voorsiening openbaar maak:**
 - (a) 'n kort beskrywing van die aard van die verpligting en die verwagte tydsberekening van enige gevolglike uitvloei van ekonomiese voordele of dienspotensiaal;**
 - (b) 'n aanduiding van die onsekerhede oor die omvang of tydsberekening van daardie uitvloei. Indien dit nodig is om toereikende inligting te voorsien, moet 'n entiteit die groot aannames wat oor toekomstige gebeure gemaak is, openbaar maak soos in paragraaf .55 aangedui; en**
 - (c) die bedrag van enige verwagte terugbetaling, met vermelding van die bedrag van enige bate wat vir daardie verwagte terugbetaling erken is.**
- .100 Waar 'n entiteit kies om in sy finansiële state voorsienings vir maatskaplike voordele te erken waarvoor hy van die ontvangers van daardie voordele nie regstreeks in ruil 'n teenprestasie ontvang wat nagenoeg gelykstaande is aan die waarde van goedere en dienste wat gelewer is nie, moet hy die openbaarmakings doen wat in paragraaf .98 en .99 ten opsigte van daardie voorsienings voorgeskryf word.**
- .101 Tensy die moontlikheid van enige uitvloeit ter vereffening gering is, moet 'n entiteit vir elke klas voorwaardelike aanspreeklikheid op die verslagdoeningsdatum 'n kort beskrywing gee van die aard van die voorwaardelike aanspreeklikheid en, indien prakties uitvoerbaar:**
 - (a) 'n raming van die finansiële uitwerking daarvan, gemeet ooreenkomstig paragraaf .43 tot .59;**
 - (b) 'n aanduiding van die onsekerhede oor die omvang of tydsberekening van enige uitvloeit; en**
 - (c) die moontlikheid van enige terugbetaling.**
- .102 By die bepaling van watter voorsienings of voorwaardelike aanspreeklikhede saamgevoeg kan word om 'n klas te vorm, is dit nodig om te oorweeg of die aard van die items voldoende vergelykbaar is dat 'n enkele verklaring oor hulle aan die vereistes in paragraaf .99(a) en (b) en .101(a) en (b) kan voldoen. Dit kan dus toepaslik wees om bedrae wat op een tipe verpligting betrekking het, as 'n enkele klas voorsiening te behandel, maar dit sou nie raadsaam wees om bedrae wat op omgewingsrestourasiekoste betrekking het en bedrae wat aan regsgedinge onderhewig is, as 'n enkele klas te behandel nie.**
- .103 Indien 'n voorsiening en 'n voorwaardelike aanspreeklikheid uit dieselfde stel**

omstandighede voortspruit, maak 'n entiteit die gegewens openbaar wat in paragraaf .98, .99 en .101 vereis word op 'n manier wat die verband tussen die voorsiening en die voorwaardelike aanspreeklikheid aantoon.

- .104 'n Entiteit kan in sekere omstandighede 'n eksterne waardasie gebruik om 'n voorsiening te meet. In sulke gevalle kan inligting wat op die waardasie betrekking het, gewoonlik bekendgemaak word.
- .105 Die openbaarmakingsvereistes in paragraaf .101 het nie betrekking op voorwaardelike aanspreeklikhede wat voortspruit uit maatskaplike voordele wat deur 'n entiteit verskaf word waarvoor hy nie regstreeks in ruil van die ontvangers van daardie voordele vergoeding ontvang wat nagenoeg gelykstaande is aan die waarde van goedere of dienste wat gelewer is nie (kyk paragraaf .02 (a) en .07 tot .11 vir 'n bespreking van die uitsluiting van maatskaplike voordele uit hierdie Standaard).
- .106 *Indien 'n invloed van ekonomiese voordele of dienspotensiaal waarskynlik is, moet 'n entiteit 'n kort beskrywing gee van die aard van die voorwaardelike bates op die verslagdoeningsdatum en, waar prakties uitvoerbaar, 'n raming van die finansiële uitwerking daarvan, gemeet met behulp van die beginsels vir voorsienings wat in paragraaf .43 tot .59 uiteengesit word.***
- .107 Die openbaarmakingsvereistes in paragraaf .106 is slegs bedoel om betrekking te hê op daardie voorwaardelike bates waar daar 'n redelike verwagting bestaan dat voordele na die entiteit sal vloei. Dit wil sê, daar is geen vereiste om hierdie inligting oor alle voorwaardelike bates openbaar te maak nie (kyk paragraaf .38 tot .42 vir 'n bespreking van voorwaardelike bates). Dit is belangrik dat openbaarmakings oor voorwaardelike bates waak teen die verskaffing van misleidende aanduidings van die waarskynlikheid van inkomste wat ontstaan. 'n Voorwaardelike bate sou byvoorbeeld voortspruit uit 'n kontrak waar 'n entiteit 'n privaatskermmaatskappy toelaat om een van sy eiendomme te ontgin in ruil vir 'n tantième gegrond op 'n vasgestelde prys per ton ontgin, en die maatskappy reeds begin ontgin het. Benewens die openbaarmaking van die aard van die reëling moet die voorwaardelike bate gekwantifiseer word indien 'n redelike raming moontlik is van die hoeveelheid minerale wat ontgin sal word en die tydsberekening van die verwagte kontantinvloei. Sou daar geen bewese reserves wees nie of sou daar ander omstandighede wees wat aandui dat dit onwaarskynlik is dat enige minerale ontgin gaan word, sou die entiteit nie die inligting verlang in paragraaf .106 openbaar maak nie, aangesien daar geen waarskynlike vloei van voordele is nie.
- .108 Die openbaarmakingsvereistes in paragraaf .106 omvat voorwaardelike bates uit sowel uitruil- as nie-uitruiltransaksies. Die vraag of daar 'n voorwaardelike bate bestaan met betrekking tot belastinginkomste berus op die vertolking van wat 'n 'belasbare gebeurtenis' uitmaak. Die vasstelling van die belasbare gebeurtenis vir belastinginkomste, en die moontlike implikasies daarvan vir die openbaarmaking van voorwaardelike bates wat met belastinginkomste verband hou, word hanteer in die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Nie-*

uitruiltransaksies (Belastings en Oordragte).

- .109 Dit is belangrik dat openbaarmakings oor voorwaardelike bates waak teen die verskaffing van misleidende aanduidings van die waarskynlikheid van inkomste wat ontstaan.
- .110 *Indien enige van die inligting wat in paragraaf .101 en .106 verlang word, nie openbaar gemaak word nie omdat dit nie prakties uitvoerbaar is om dit te doen nie, moet hierdie feit duidelik gestel word.***
- .111 *In uiters seldsame gevalle kan verwag word dat openbaarmaking van sommige of al die inligting wat in paragraaf .98 tot .109 verlang word, die posisie van die entiteit in 'n geskil met ander partye oor die samestelling van die voorsiening, voorwaardelike aanspreeklikheid of voorwaardelike bate ernstig kan benadeel. In sulke gevalle hoef 'n entiteit nie die inligting openbaar te maak nie, maar moet wel die algemene aard van die geskil bekendmaak, tesame met die feit dat, en die rede waarom, die inligting nie bekendgemaak word nie.***

Oorgangsbepalings

Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP

- .112 *Die oorgangsbepalings wat by die aanvanklike aanvaarding van hierdie Standaard deur entiteite toegepas moet word, word in (n) lasgewing(s) voorgeskryf. Die bepalinge van hierdie Standaard moet met elke toepaslike lasgewing saamgelees word.***

Wysigings aan Standaarde van AERP

- .113 *Enige wysigings aan die Standaarde van AERP moet terugwerkend toegepas word ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Ramings en Foute.***

Datum van inwerkingtrede

Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP

- .114 *'n Entiteit moet hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat begin op of ná 'n datum wat deur die Minister van Finansies bepaal word in 'n regulasie wat ooreenkomstig artikel 91(1)(b) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig, gepubliseer sal word.***

Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas

- .115** *'n Entiteit moet wysigings aan hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat op of ná 1 April 2015 begin. Vroeëre toepassing word aangemoedig. Indien 'n entiteit hierdie wysigings vir 'n tydperk toepas wat voor 1 April 2015 begin, moet hierdie feit openbaar gemaak word.*

Herroeping van die Standaard van AERP oor Voorsienings, Voorwaardelike Aanspreeklikhede en Voorwaardelike Bates (2007)

- .116** Hierdie Standaard vervang die Standaard van AERP oor *Voorsienings, Voorwaardelike Aanspreeklikhede en Voorwaardelike Bates* (Julie 2007).

Bylae A – Tabelle: Voorsienings, voorwaardelike aanspreeklikhede, voorwaardelike bates en terugbetalings

Hierdie bylae is slegs verduidelikend en maak nie deel van die Standaard uit nie. Die doel met die bylae is om die belangrikste vereistes van die Standaard op te som.

Voorsienings en voorwaardelike aanspreeklikhede

Indien daar, as gevolg van vorige gebeure, 'n uitvloei van hulpbronne kan wees wat toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal omvat ter vereffening van: (a) 'n bestaande verpligting; of (b) 'n moontlike verpligting waarvan die bestaan slegs bevestig sal word deur die voorkoms of nievoorkoms van een of meer onsekere toekomstige gebeure wat nie heeltemal binne die beheer van die entiteit is nie.		
Daar is 'n bestaande verpligting wat waarskynlik 'n uitvloei van hulpbronne vereis.	Daar is 'n moontlike verpligting of bestaande verpligtinge wat 'n uitvloei van hulpbronne kan vereis, maar waarskynlik nie sal nie.	Daar is 'n moontlike verpligting of 'n bestaande verpligting waar die waarskynlikheid van 'n uitvloei van hulpbronne gering is.
'n Voorsiening word erken (paragraaf .21). Openbaarmakings word vir die voorsiening vereis (paragraaf .98 en .99).	Geen voorsiening word erken nie (paragraaf .34). Openbaarmakings word vir die voorwaardelike aanspreeklikheid vereis (paragraaf .101).	Geen voorsiening word erken nie (paragraaf .34). Geen openbaarmaking word vereis nie (paragraaf .101).

'n Voorwaardelike aanspreeklikheid ontstaan ook in die uiters seldsame geval waar daar 'n aanspreeklikheid is wat nie erken kan word nie omdat dit nie betroubaar gemeet kan word nie. Openbaarmakings word vir die voorwaardelike aanspreeklikheid vereis.

Voorwaardelike bates

Indien daar, as gevolg van gebeure in die verlede, 'n moontlike bate is waarvan die bestaan slegs bevestig sal word deur die voorkoms of nievoorkoms van een of meer onsekere toekomstige gebeure wat nie heeltemal binne die beheer van die entiteit is nie.		
Die invloei van ekonomiese	Die invloei van	Die invloei van

Provisions, Contingent Liabilities

and Contingent Assets


voordele of dienspotensiaal is feitlik seker.	ekonomiese voordele of dienspotensiaal is waarskynlik, maar nie feitlik seker nie.	ekonomiese voordele of dienspotensiaal is nie waarskynlik nie.
Die bate is nie voorwaardelik nie (paragraaf .40).	Geen bate word erken nie (paragraaf .38). Openbaarmakings word vereis (paragraaf .106).	Geen bate word erken nie (paragraaf .38). Geen openbaarmaking word vereis nie (paragraaf .106).

Terugbetalings

Daar word van 'n ander party verwag om sommige van of al die uitgawes wat nodig is om 'n voorsiening te vereffen, terug te betaal.		
Die entiteit het geen verpligting vir die deel van die uitgawes wat deur die ander party terugbetaal moet word nie.	Die verpligting vir die verwagte bedrag wat terugbetaal moet word, bly dié van die entiteit en dit is feitlik seker dat terugbetaling ontvang sal word as die entiteit die voorsiening vereffen.	Die verpligting vir die verwagte bedrag wat terugbetaal moet word, bly dié van die entiteit en die terugbetaling is nie feitlik seker as die entiteit die voorsiening vereffen nie.
Die entiteit het geen aanspreeklikheid vir die bedrag wat terugbetaal moet word nie (paragraaf .64).	Die terugbetaling word as 'n afsonderlike bate in die staat van finansiële stand erken en kan van die uitgawes in die staat van finansiële prestasie afgetrek word. Die bedrag wat vir die verwagte terugbetaling erken word, oorskry nie die aanspreeklikheid nie (paragraaf .60 en .61).	Die verwagte terugbetaling word nie as 'n bate erken nie (paragraaf .61).
Geen openbaarmaking word vereis nie.	Die terugbetaling word bekendgemaak tesame met die bedrag wat vir die terugbetaling erken word (paragraaf .99(c)).	Die verwagte terugbetaling word bekendgemaak (paragraaf .99(c)).

Bylae B - Besluitnemingsdiagram

Hierdie bylae is slegs verduidelikend en maak nie deel van die Standaard uit nie. Die doel met die bylae is om die vernaamste erkenningsvereistes van die Standaard vir voorsienings en voorwaardelike aanspreeklikhede op te som.



Nota: In sommige gevalle is dit nie duidelik of daar 'n bestaande verpligting is nie. In sulke gevalle word 'n gebeurtenis in die verlede geag aanleiding te gee tot 'n bestaande verpligting indien dit, met inagneming van alle beskikbare bewyse, waarskynliker is dat 'n bestaande verpligting op die verslagdoeningsdatum bestaan (paragraaf .22 van die Standaard).

Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor *Provisions, Contingent Liabilities and Contingent Assets* (Oktober 2002)

Die Standaard van AERP oor *Voorsienings, Voorwaardelike Aanspreeklikhede en Voorwaardelike Bates* (AERP 19) berus hoofsaaklik op die International Public Sector Accounting Standard oor *Provisions, Contingent Liabilities and Contingent Assets* (Oktober 2002). Die vernaamste verskille tussen AERP 19 en IPSAS 19 is soos volg:

- Hierdie Standaard bevat 'n omskrywing van die term “bestuur”, terwyl die IPSAS oor *Provisions, Contingent Liabilities and Contingent Assets* dit nie bevat nie.
- Hierdie Standaard het kragtens die verbeteringsprojek (2003) van die International Accounting Standards Board (IASB) veranderinge aan die International Accounting Standards aangebring.
- Hierdie Standaard bevat bykomende openbaarmakingsvereistes om die verslagdoening oor voorsienings en voorwaardelike aanspreeklikhede te verbeter. Hierdie bykomende openbaarmakingsvereistes is aanvaar vanuit die ekwivalente Australiese Standaard en is ingesluit aangesien die Raad van oordeel was dat die vereistes die voorsiening van nuttiger en meer tersaaklike inligting vir gebruikers van finansiële state tot gevolg sou hê.
- IPSAS 19 verwys na ‘binding agreements’ in die konteks van herstruktureringsvoorsienings, terwyl hierdie Standaard verwys na ‘bindende reëlings’.
- Die Standaard vereis dat entiteite aanvanklik finansiëlewaarborgkontrakte en ander waarborge ooreenkomstig hierdie Standaard erken, meet en/of openbaar maak (behalwe as die entiteit hoofsaaklik by versekeringsaktiwiteite betrokke is). Daar bestaan geen soortgelyke vereiste in IPSAS 19 nie.
- Die Standaard vereis dat entiteite leningsverbintenisse aanvanklik ooreenkomstig hierdie Standaard erken, meet en/of openbaar maak. Daar bestaan geen soortgelyke vereiste in IPSAS 19 nie.
- Hierdie Standaard bevat omskrywings vir leningsverbintenisse en finansiëlewaarborgkontrakte.
- Oorgangsbepalings wat op hierdie Standaard van AERP van toepassing is, word anders hanteer as in IPSAS 19.
- Die bylaes met verduidelikende voorbeelde oor erkenning, openbaarmakings en bestaande waarde van 'n voorsiening is uit hierdie Standaard geskrap.